higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LANDBOUBESIGHEID
NKR VLAK 4

(1011034)

22 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 1 antwoordblad.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Beantwoord VRAAG 2.1 op die aangehegte ANTWOORDBLAD en gee dit saam met die ANTWOORDBOEK in.

5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Verkope van landbouprodukte gedoen deur markagente namens die boer op 'n kommissie basis:

A Boerekoöperasiebemarking
B Varsproduktemark
C Kommunale bemarking
D Kontrakverkope

1.1.2 Organisasie wat opleiding in organisasie-ontwikkeling, besigheids-ontwikkeling en navorsingsvaardighede aanbied:

A Gemeenskapspluimvee-ontwikkelingsdiens
B Landelike-ontwikkelingsondersteuningsprogram
C Oos-Kaapse Heuningboereprojek
D Limpopo-opleidingsprojek

1.1.3 Deel van die bemarkingsamestelling:

A Grootte van mark
B Winsgewendheid
C Demografie
D Promosie

1.1.4 As gevolg van inflasie, ... geld in reële waarde met verloop van tyd.

A stabiliseer
B styg
C daal
D fluktueer

1.1.5 Watter EEN van die volgende is nie 'n uitgawedokument nie?

A Bankdepositostrokie
B Bestelboek
C Fakture
D Afleweringstrokie

1.1.6 Geraamde waarde van 'n trekker wanneer hy verkoop word:

A Sloopwaarde
B Koste tot voorraad
C Prima koste
D Verkoopprys

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Regering se hoofbron van inkomste:

A Belasting op Toegevoegde Waarde
B Inkomstebelasting
C Invoerbelasting
D Kapitaalwinsbelasting

1.1.8 Vee word by die ... geslag terwyl die Gesondheids- en veiligheidsregulasies streng toegepas word.

A kraal
B abattoir
C slaghuis
D melkery

1.1.9 'n Werker is geregtig op gesinsverantwoordelikheidsverlof van ... dae per jaarlikse verlofsiklus.

A 21 dae
B 17 dae
C 36 dae
D 3 dae

1.1.10 Bemiddeling beteken ...

A om twee mense te help om 'n dispuut te besleg.
B om iemand minder kwaad of meer vriendelik te maak.
C om op optrede te besluit as iemand skuldig bevind is.
D 'n praktyk om iemand onbillik te behandel.

(10 × 1) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 'n ... word deur 'n werker gebruik om sy ontevredenheid oor iets waarvan sy werkgewer weet, bekend te maak.

1.2.2 Iemand aan wie die besigheid geld skuld en wat 'n aanspreeklikheid teenoor die besigheid het, word 'n ... genoem.

1.2.3 Die … is 'n staat van bates en laste op 'n spesifieke datum.

1.2.4 … verwys na inligting oor 'n bevolking.

1.2.5 Koste met betrekking tot die plaas wat aangegaan is hetsy produksie plaasvind of nie, word ... genoem.

(5 × 2) (10)

1.3 Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Produk of grondstof wat gekoop of verkoop kan word	A	infrastruktuur
1.3.2	Basiese stelsels en dienste wat nodig is dat 'n land of organisasie sonder probleme funksioneer	B	verbygaande klante
1.3.3	Geld wat bestee kan word wat nie geoormerk is vir enigiets spesiaals nie	C	voorligtingsbeampte
1.3.4	Totale koste gedeel deur verwagte opbrengs	D	netto plaaswins
1.3.5	Reserwe wat gebruik word om boer se eie kapitaaluitgawes te diens	E	kommoditeit
1.3.6	Raming of plan van uitgawes en inkomste	F	gelykbreekprys
1.3.7	Potensiële kopers wat verby 'n winkel of stalletjie stap	G	weidingsvermoë
1.3.8	Iemand wat landbou- en sake-advies en opleiding aan ontluikende boere verskaf	H	logistiek
1.3.9	Totale bedrag ontvang ná aftrekking van afslag of kostes	I	begroting
1.3.10	Vermoë van grond om diere te dra en te voer	J	besteebare inkomste
		K	bruto opbrengs
		L	afslag bedrag

(10 × 1) (10)

1.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Sensusverslae vorm deel van primêre inligting.

1.4.2 'n Hoë verrigting van leningsdiens-verhouding dui aan dat 'n besigheid hoë finansiële druk ervaar.

1.4.3 Swanger plaaswerkers kry twee maande kraamverlof.

1.4.4 Verwagtende moeders kan inkomste by die Werkloosheids-versekeringsfonds eis wanneer hulle nie meer kan werk tydens hulle swangerskap nie.

1.4.5 Belasting is betaalbaar op minimum lone vir plaaswerkers.

1.4.6 Grond wat gedurende die jaar verkoop word, moet in die voorraad aan die einde van daardie jaar opgeteken word.

1.4.7 Toekomstige koste moet oorweeg word wanneer besluite geneem word.

1.4.8 Die aspekte van ontslag in die werkplek kom in die Wet op Arbeidsbetrekkinge voor.

1.4.9 Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes sit die optrede van vakbonde uiteen.

1.4.10 'n Bruto marge word vir elke plaas bereken deur die plaas se veranderlike koste van sy uitset af te trek.

(10 × 1) (10)

1.5 Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

gelykbreek; depresiasie; solvensie; los; veranderlik; kort; medium; kontantstrokie; faktuur; kredietnota; debietnota; joernaalbewys

1.5.1 'n … word gebruik om voorraad aan te teken wat deur 'n kredietklant teruggebring word.

1.5.2 … is die verlaging van 'n bate se waarde.

1.5.3 … arbeiders word nie permanent in diens geneem nie.

1.5.4 Voer vorm deel van die … kostes.

1.5.5 'n … word gebruik om geld aan te teken wat van 'n klant ontvang is vir 'n kontant transaksie.

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.6 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat in hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.6.1–1.6.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.6.1 (Menslike hulpbronne/Meganisasie) verwys na mense se vaardighede en vermoëns waarvoor 'n maatskappy betaal.

1.6.2 Eienaar se ekwiteit (styg/daal) as wins styg.

1.6.3 'n Debiteur se faktuurboek word as (inkomste-/uitgawe-) dokumentasie beskou.

1.6.4 'n (Aankoopjoernaal/kasboek) word gebruik om geld of kontant aan te teken wat die besigheid inkom en uitgaan.

1.6.5 Reënval-aantekeninge kan as (fisiese/finansiële) inligting beskou word.

(5 × 1) (5)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Gebruik die inligting hieronder om 'n inkomstestaat op die aangehegte ANTWOORDBLAD vir Triumph Farm Enterprises vir die jaar eindigend 31 Desember 2019 op te stel.

BESKRYWING	BEDRAG
Bokverkope	90 000
Melkeryverkope	50 000
Kalkoenverkope	120 000
Volstruisverkope	100 000
Melkverkope	75 000
Mielieverkope	100 000
Groenteverkope	30 000
Kunsmis	80 000
Salarisse	30 000
Telefoon en posgeld	2 000
Verpakking	20 000
Brandstof	50 000
Elektrisiteit en water	4 000
Herstelwerk van masjinerie	40 000
Voer	100 000
Rente op lening	5 000
Lusernbale	50 000
Lone	50 000
Huurgeld	5 000
Versekering en lisensie	2 500

(25)

2.2 Wat is die totale prys wat Peter moet betaal vir 'n sak sement wat R90,00 kos, BTW uitgesluit? Toon AL die berekeninge. (3)

2.3 Noem enige TWEE data-items wat by 'n bateregister ingesluit moet word. (2)

2.4 Noem TWEE metodes wat gebruik kan word om die depresiasiewaarde van 'n plaaswerktuig te bereken. (2)

Kopiereg voorbehou

2.5 Voltooi die volgende bankrekonsiliasiestaat deur die inligting hier onder te gebruik. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.5.1–2.5.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

- Die saldo op die bankstaat is R1 500,00.
- 'n Deposito van R500,00 is in die rekening gemaak maar dit is nog nie in die bank nie.
- 'n Tjek van R350,00 is uitgeskryf maar dit is nog nie gewissel nie.
- Die banksaldo is R3 000,00.

DATUM		DEBIET	KREDIET
Mei 31	Saldo op bank-staat		**(2.5.1)**
	Krediteur deposito's maar nog nie in die bank nie		
	Depositostrokie 45		**(2.5.2)**
	Debiteuretjek maar nog nie uit die bank nie		
	Tjek 66	**(2.5.3)**	
	Saldo in bank-rekening	**(2.5.4)**	
	Totaal	**(2.5.5)**	**(2.5.6)**

(6)

2.6 Watter TWEE finansiële rekords word as die belangrikste op 'n plaas beskou? (2)

2.7 Vir volhoubare landbou is dit nodig om die vraag vir verskillende landbouprodukte te bepaal vóór jy besluit watter produk om te lewer.

2.7.1 Verduidelik *vraag.* (2)

2.7.2 Noem VIER faktore wat in ag geneem moet word wanneer die vraag van die produk wat jy wil lewer, bepaal word. (4)

2.8 Definieer elk van die volgende terme:

2.8.1 Markaandeel

2.8.2 Diskriminasie

(2 × 2) (4)

[50]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Noem VYF gevalle waarin 'n werknemer in die landbousektor gesinsverantwoordelikheidsverlof mag neem. (5)

3.1.2 Verduidelik hoe 'n werker se jaarlikse verlof bereken word. (2)

3.1.3 Noem die AGT aspekte waarin plaaswerkers deur die minimum diensvoorwaardes gedek word. (8)

3.2 Noem enige VYF items wat op 'n betaalstrokie moet voorkom behalwe die werker se naam. (5)

3.3 Noem VYF griewe wat werknemers kan hê. (5)

3.4 Charles besit 'n pluimveeplaas en hy wil diversifiseer deur voergewasse te verbou. Daarvoor moet hy die arbeidsbehoefte van sy nuwe onderneming, sy werkers se sterk punte en swakhede en hulle opleidingsbehoeftes assesseer. Hy moet ook seker maak dat hulle vaardighede op datum bly en nuwe vaardighede ontwikkel word.

3.4.1 Noem VYF dinge wat Charles kan doen om die vaardighede te behou wat hy in sy arbeidsmag gaan ontwikkel. (5 × 2) (10)

3.4.2 Waarom is veiligheidsopleiding belangrik op 'n plaas? (2)

3.4.3 Wie is betrokke by leierskap en wat is hulle rolle? (5 × 2) (10)

3.4.4 Watter voordele is daar vir 'n boer om werknemers vir 'n leerderskapprogram in te skryf? (2)

3.4.5 Noem EEN manier waarop 'n leerderskapprogram 'n werknemer help. (1)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Vul die voorraadrekordblad in deur die inligting hier onder te gebruik. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.9) in die ANTWOORDBOEK neer.

INLIGTING ❁

Openingsvoorraad op 28 Februarie 2019

- 600 volwasse vroulike diere
- 20 volwasse manlike diere
- 560 jong diere (260 vroulik en 300 manlik)

Die volgende voorraadbeweging het vanaf Februarie tot die einde Mei 2019 plaasgevind:

DATUM	BESKRYWING
10/03/2019	Verkoop helfte van die jong diere
25/03/2019	Verkoop die swakste 20% van jong manlike en vroulike diere
15/04/2019	Verkoop die laaste van die jong manlike diere
04/05/2019	54 diere (30 vroulik en 24 manlik) gebore
13/05/2019	80 diere (60 vroulik en 20 manlik) gebore
21/05/2019	160 vroulik en 100 manlik gebore en 14 vroulike diere gesteel
30/05/2019	60 stelle tweelinge gebore waarvan 40% manlik is

DATUM ❁	GETAL VOLWASSE MANLIKE DIERE	GETAL VOLWASSE VROULIKE DIERE	GETAL JONG MANLIKE DIERE	GETAL JONG VROULIKE DIERE	TOTALE GETAL DIERE
28/02/2019	20	600	300	260	1180
10/03/2019			**(4.1.1)**		
25/03/2019			**(4.1.2)**	**(4.1.6)**	
15/04/2019					
04/05/2019					
13/05/2019			**(4.1.3)**		
21/05/2019			**(4.1.4)**	**(4.1.7)**	
30/05/2019	20		**(4.1.5)**	**(4.1.8)**	
Totaal					**(4.1.9)**

(10)

4.2 Voor 'n boer vir 'n lening by 'n bank kan aansoek doen, moet hy besluit oor die tipe lening en aan watter voorwaardes dit moet voldoen.

4.2.1 Noem en verduidelik DRIE voorwaardes wat oorweeg moet word voordat daar aansoek om doen 'n lening gedoen word. (3 × 2) (6)

4.2.2 Noem DRIE tipes krediet wat 'n boer van 'n bank kan verkry om sy boerdery-onderneming te finansier. ❁ (3)

4.2.3 Beskryf kortliks elk van die DRIE tipes krediet in VRAAG 4.2.2. (3 × 2) (6)

4.2.4 Noem EEN plaasprojek vir elke tipe lening in VRAAG 4.2.2. (3)

4.3 4.3.1 Beskryf die funksie van die Nasionale Landboubemarkingsraad (NLBR). ☸ (2)

4.3.2 Verduidelik hoe 'n boer voordeel kan trek uit die NLBR. (2 × 2) (4)

4.4 Charles produseer 3 ton aartappels op 2 hektaar grond. Hy verkoop die aartappels in 15 kg sakke aan vrugte- en groentekleinhandelaars. Hy het R1 850,00 per hektaar aan kunsmis en R2 150,00 per hektaar aan water bestee om die aartappels nat te lei.

4.4.1 Noem DRIE maniere waarop Charles sy prys kan vasstel. (3)

4.4.2 Bereken die produksiekoste per sak aartappels.

(WENK: 1 000 kg = 1 ton) ☸ (6)

4.4.3 As die verlangde winskoers 50% is, vir hoeveel moet Charles elke sak aartappels verkoop? Toon AL die berekeninge. (6)

4.5 Wanneer vind voordelige finansiering plaas? ☸ (1)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

(1011034)

AGRIBESIGHEID L4

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 2.1

INKOMSTESTAAT VIR TRIUMPH FARM ENTERPRISES VIR DIE JAAR EINDIGEND 31 DESEMBER 2019

Plaasinkomste	**R**
Plaasuitgawes	
Veranderlike koste	
Totale veranderlike koste	
Bruto wins	
Vaste koste	
Totale vaste koste	
Netto inkomste	

Kopiereg voorbehou